# Graad 4-6

# Gesels saam

## GRAAD 4-6

## WELKOM

Speel 'n aangepaste weergawe van telefoontjie. Die eerste jongmens fluister 'n sin in die persoon langsaan se oor (voorbeeld: "Ek hou baie van roomys"). Daardie persoon moet dan een woord in die sin verander en die nuwe sin in die volgende persoon se oor fluister (voorbeeld: "Ek hou baie van kaas"). Gaan so aan totdat al die jongmens die sin gehoor het. Die laaste persoon moet vir die groep sê wat hy of sy gehoor het en dan raai wat die oorspronklike sin was. As 'n jongmens nie die sin mooi gehoor het nie, mag hy of sy die vorige persoon vra om dit een keer te herhaal.

*Alternatief:* Speel net gewone telefoontjie.

Vandag gaan ons 'n verhaal in die Bybel lees waar die slang die Here se woorde 'n bietjie verdraai het.

## WONDER

Lees Genesis 3:1-24 saam.

Gesels saam:

- Kyk mooi wat God vir die mens in Genesis 2:16-17 sê. Hoe verdraai die slang God se woorde?
- Hoe dink julle het Adam en Eva gevoel nadat hulle van die vrugte geëet het en gehoor het God roep hulle?
- Wat leer julle uit die verhaal oor julle eie foute en sonde?

## WEES

Gee vir elke jongmens 'n afskrif van die hulpmiddel "Die drie apies".

Gesels saam:

- Het julle al hierdie drie apies gesien? Wat beteken dit?

- **Hoor geen kwaad:** Eva het na die slang se leuen geluister. Wat sou gebeur het as sy dit nie gehoor het nie?
- **Sien geen kwaad:** Eva het na die vrugte gekyk en dit het mooi gelyk. Hoe het dit haar besluit beïnvloed?
- **Praat geen kwaad:** Adam en Eva het weggekruip en wou nie vir God sê wat hulle gedoen het nie. Wat het dit aan hulle verhouding met God gedoen?

Laat elkeen dan op hulle eie by die apies skryf:

Laat elkeen dan op hulle eie by die apies skryf:

- **Hoor geen kwaad:** Wat het jy vandag vir die eerste keer in hierdie verhaal gehoor?
- **Sien geen kwaad:** Watter foute of sonde sien jy in jou lewe raak?
- **Praat geen kwaad:** Wat wil jy vir God hieroor sê?

Wanneer almal klaar is, kan hulle die volgende neerskryf oor wat God vir hulle hieroor wil sê: *My liefde vir jou is groter as al jou foute.*

## WEGSTUUR

Sit hierdie prent van die apies op 'n plek waar jy dit gereeld sal sien.